# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 8 AFRIKAANS HT

**Onderwerp:** Afrikaans HT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 104

---

**1.** WAAR — 2

**Verduideliking:** Assonansie is die herhaling van klinkers of vokaalklanke in beklemtoonde lettergrepe in twee of meer woorde.

Bv. Oor die groen poel wat stil en dik / was van die bronslaai en die warmslik (N P van Wyk Louw, Raka).

---

**2.** WAAR — 2

**Verduideliking:** Bv. Ek skop die bal.

Ek = onderwerp, speel = gesegde, die bal = voorwerp

Dis 'n enkelvoudige sin, want daar is net 1 gesegde (werkwoord).

---

**3.** ONWAAR — 2

**Verduideliking:** Die hoofborge van 'n gebeurtenis (feeste, seminare ens. ) word gewoonlik baie duidelik saam met die gebeurtenis geadverteer. "Die Burger" is net een van die borge.

---

**4.** WAAR — 2

**Verduideliking:** Betreklike voornaamwoorde het betrekking op iets bv. Die hond **waarvan** ek jou vertel het, is kwaai.

---

**5.** WAAR — 2

**Verduideliking:** Die woord "pers" is 'n HOMONIEM wat kan verwys na joernaliste asook die kleur, pers. HOMONIEME word dieselfde gespel en uitgespreek, maar het elk 'n ander betekenis.

---

**6.** A — 4

**Verduideliking:** Die idioom "die aap is uit die mou" beteken dat 'n geheim verklap is.

DIe idioom "iets in die mou voer" beteken dat jy besig is om iets geheimsinnig te beplan.

---

**7.** B — 4

**Verduideliking:** Alliterasie is 'n algemene stylmiddel waar die herhaling van konsonante - meestal aan die begin van woorde - voorkom.

Bv. <u>M</u>y <u>m</u>a se <u>m</u>ielie<u>m</u>eel <u>m</u>et <u>m</u>elk is lekker.

---

**8.** B — 4

**Verduideliking:** Die gesegde vertel meer van die onderwerp.

Die tiener = onderwerp, eet = gesegde.

Die werkwoord vorm die gesegde.

---

**9.** D — 4

**Verduideliking:** Die leesteken, prent en lettertipe wys na die ontploffing.

Die woord "woem" is 'n vorm van klanknabootsing (onomatopee), want dit boots die klank van 'n ontploffing na.

---

**10.** (1) gedagteborrel — 4 (2 per antwoord)

(2) spraakborrel

**Verduideliking:** 'n Karakter in 'n spotprent se gedagtes word in 'n gedagteborrel gesit, wat soos 'n wolkie lyk. 'n Spraakborrel bevat 'n karakter se direkte woorde (direkte rede). Op hierdie manier kan 'n sportprent uitbeeld hoe 'n karakter voel en hoe hy/sy daarop reageer.



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**11.** C 4

**Verduideliking:** Die kind hardloop vinnig. - Bywoord van wyse ("vinnig")
Die appels is gister gekoop. - Bywoord van tyd ("gister")
Die seun ry daar met sy fiets. - Bywoord van plek ("daar")

**12.** A 4

**Verduideliking:** 'n Tussenwerpsel, ook 'n ontladingswoord of interjeksie genoem, is 'n uitroep wat emosies/gevoelens uitdruk.

**13.** doelbewus 3

**Verduideliking:** Antonieme is woorde met teenoorgestelde betekenisse.

per abuis = per ongeluk
doelbewus = opsetlik

**14.** flater 3

**Verduideliking:** Sinonieme is woorde met min of meer dieselfde betekenis.
Die woorde "blaps", "flater" en "fout" is sinonieme.

**15.** ds. 3

**Verduideliking:** 'n Afkorting is 'n verkorte skryfwyse van 'n woord.

Die afkorting van "dominee" is "ds."

**16.** ek-verteller
eerstepersoonsverteller 3

**Verduideliking:** Ek-verteller = eerstepersoonsverteller.

Die verteller gebruik woorde soos "ek", "my" en "myne".

**17.** dialoog 3

**Verduideliking:** Karakters se woorde = dialoog. Die dialoog tussen die karakters is wat die storie in die drama vorm.

**18.** 'n Bepaling 3

**Verduideliking:** 'n Bepaling het geen gesegde nie en is afhanklik van die hoofsin.

Bv. ... met haar eie foon.

**19.** Die son kom elke oggend in die Ooste op. 3

**Verduideliking:** 'n Stelsin verwys na 'n stelling wat genoem word.

Verwyder die vraagteken en verander die woordorde van die sin.

**20.** satire 3

**Verduideliking:** Satire is die gebruik van bespotting, sarkasme en ironie om sekere onregverdighede, sosiale wanpraktyke en wanbalanse uit te wys. Spotprenttekenaars gebruik dikwels satire om kommentaar te lewer op die aksies van politikuste en ander prominente figure.

**21.** sy 3

**Verduideliking:** Die besitlike voornaamwoord verwys daarna dat iets aan iemand behoort. Dit is "sy" maats.

**22.** bepaalde lidwoord
lidwoord 3

**Verduideliking:** Die woord "die" is 'n bepaalde lidwoord, dis 'n spesifieke stoep (die word ook by die meervoud gebruik: die stoepe)

**23.** menslik
menslike
mense 3

**Verduideliking:** Paronieme van mens met 'n agtervoegsel is **mense, menslik** en **menslike.**


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

Paronieme van mens met 'n voorvoegsel en 'n agtervoegsel is **onmenslik, onmenslike, bomenslik, en bomenslike.**

---

**24.** sal 3

**Verduideliking:** Hulpwerkwoorde help selfstandige werkwoorde, veral om tyd aan te dui.

In hierdie sin is "sal" die hulpwerkwoord, wat wys dat die sin in die toekomende tyd is.

---

**25.** (1) sinoniem 4 (2 per antwoord)

(2) antoniem

**Verduideliking:** Sinonieme verwys na woorde wat min of meer dieselfde betekenis het.

Antonieme verwys na woorde met teenoorgestelde betekenisse.

---

**26.** (1) milieu 4 (2 per antwoord)

(2) tydperk

**Verduideliking:** Milieu - ruimte/plek/tyd.

Die milieu van 'n verhaal verwys na die agtergrond daarvan en die tipe verhaal wat dit is.

---

**27.** (1) Volksverhale 4 (2 per antwoord)

(2) skrywer

**Verduideliking:** Volksverhale word meestal mondelings oorvertel.
Volksverhale is deel van ons kuturele erfenis en word oorvertel van nageslag tot nageslag.

---

**28.** (1) koeplet 6 (2 per antwoord)

(2) kwatryn

(3) sestet

**Verduideliking:** 2 versreëls = koeplet
4 versreëls = kwatryn
6 versreëls = sestet
8 versreëls = oktaaf

Die struktuur van 'n gedig hang af van die voorkeure van die digter.

---

**29.** (1) twee 4 (2 per antwoord)

(2) maar

**Verduideliking:** 'n Veelvoudige sin het twee hoofsinne en word verbind met "en" of "maar".

Albei sinne het ewe veel waarde.

---

**30.** (1) kleure 8 (2 per antwoord)

(2) klere

(3) ent

(4) end

**Verduideliking:** "Kleure" sê vir jou hoe 'n voorwerp se voorkoms lyk en "klere" is iets wat ons aantrek. So kan ons ook sê dat ons 'n "ent" gaan stap het of dat dokters ons teen polio "ent". Die "end" van iets beteken dat dit eindig.

---

30 Vrae, 3 Bladsye


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.